

# MAPHORORONG

C.J. Coetsee

Die Departement Argeologie van die Nasionale Museum is voortdurend besig met 'n diepgaande studie van literatuur oor die voorgeskiedenis van die Vrystaat. Plekname speel hierin 'n sleutelrol, aangesien dit as vaste punte in die geskiedenis lei na belangrike argeologiese terreine. Een van hierdie vaste punte is Maphororong.


Maphororong of Doringberg is in die Ventersburg-omgewing, geleë tussen die Sandrivier en Koolspruit, waar dit deel van die Willem Pretoriuswildtuin uitmaak.

Sendelinge en reisigers wat aan die begin van die negentiende eeu deur die Vrystaat gereis het, beskryf Maphororong as die woonplek van Moletsane se Bataung, tot en met die uitbreek in 1822 van die uitdelgingsoorloë (Difaqane). Daar word egter ook melding gemaak van die Kubung, 'n vertakking van die Rolong, wat hulle reeds teen die einde van die agtiende eeu in dieselfde omgewing gevestig het. Volgens historiese bronne is die Kubung kort voor die uitbreek van die Difaqane aan die gesag en heerskappy van Moletsane onderwerp.


Die uitgestrekte ruïnes wat vandag nog sigbaar is, is die enigste oorblyfsels op die eens digbewoonde terrein — 'n terrein wat 'n belangrike skakel in die Vrystaat se verlede is.

In die sestigerjare het Tim Maggs, 'n Ystertyperk-argeoloog, omvattende werk in die Vrystaat gedoen. Hy het onder andere vier hoofgroepe of tipes bewoning, volgens vestigingspatroon (dit is die spesifieke patroon waarvolgens 'n woonterrein uitgelê is) onderskei. Hy vind verder dat elke vestigingstipe sy eie kenmerkende potwerk oplewer, wat duidelik van mekaar verskil wat betref vorm, grootte, tekstuur en versiering.

Teen hierdie argeologiese agtergrond is Maphororong die enigste terrein in die Vrystaat waar twee van hierdie vestigingstipes oorvleuel. Dit is ook interessant dat die een oorwegend op die plato aangetref word, terwyl die ander grotendeels teen die hange van die berg voorkom. Die datering vir die twee terreine is volgens die radiokoolstofmetode op 'n datum tussen die 17de eeu en die vroeë 19de eeu vasgestel. Die



*Wooneenhede wat op die plato voorkom.*



*Basiese uitleg van wooneenhede teen die hange van 'n berg.*

argeologiese gegewens stem dus grootliks met die historiese feite ooreen.

Daar het dus twee groepe mense op Maphororong gewoon wat geensins aan mekaar verwant was nie en tog word daar net oorblyfsels van een tipe potwerk op die oppervlak van beide terreine gevind. Om hierdie ongewone verskynsel van nader te ondersoek, is die Argeologie-skoolprojek van 1986 doelbewus op hierdie terrein aangebied. Verdere navorsing sal egter eers gedoen moet word voordat definitiewe verklarings daarvoor gegee kan word.

